# HOOFSTUK VI.

## DIE SOSIAAL-PEDAGOGIESE ASPEKTE VAN DIE UNIVERSITEITSLOOPBAAN

## (DIE 1954-STEEKPROEF).

In hierdie afdeling word ondermeer aandag geskenk aan die vryetydsbesteding van die eerstejaarstudente. Daar is egter vasgestel dat die studente aan aktiwiteite wat deur die universiteit self gereël word kan deelneem of so nie aktiwiteite beoefen wat deur persone en/of organisasies wat geensins aan die universiteit verbonde is nie, gereël word.

Die student se deelname aan aktiwiteite, wat nie as suiwer akademiese aktiwiteite bestempel kan word nie, neem nogal baie tyd in beslag. Afleiding en gesonde ontspanning is lewensnoodsaaklik vir 'n gebalanseerde uitkyk op die lewe in al sy verskillende fasette. Té veel deelname kan 'n persoon se akademiese prestasies moontlik nadelig beïnvloed terwyl geen deelname moontlik dieselfde invloed mag uitoefen.

Die akademiese prestasies hang van velerlei faktore af en suksesvolle akademiese aanpassing is seker een van die belangrikste faktore. Indien 'n persoon hom kan vereenselwig met sy omgewing en sy mede-inwoners, is sy kanse tot sukses in die groep natuurlik baie groter as wanneer hy aan niks binne sy gemeenskap deelneem nie.

Die wyse waarop 'n student sy vryetyd benut kan natuurlik verskillende vorms aanneem. Die twee belangrikste vertakkinge waarin ons vryetydsbesteding kan verdeel, is waarskynlik deelname aan sportbedrywighede en deelname aan sosiale bedrywighede. 'n Goeie indeling blyk egter een te wees waarvolgens ons slegs die totale aantal deelnames binne en buite universiteitsverband aantoon. Hierdie indeling het noodsaaklik gelyk aangesien die dagstudente wat tuis inwoon oor die algemeen makliker by groepe buite universiteitsverband kan inskakel. Sommige studente stel belang in en neem deel aan aktiwiteite wat nie deur liggame aan die universiteit gereël word nie.

### A. Deelname aan sport- en sosiale aktiwiteite gedurende die eerstejaar op die universiteit, d.w.s. vryetydsbesteding:

## TABEL 6.1

Vryetydsbesteding op die universiteit - alle soorte deelname - en daarteenoor die akademiese prestasies van die studente.

| Kursus-groep | Geen deelnames | | Een deelname | | Twee deelnames | | Drie deelnames | | Vier of meer deelnames | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip |
| B.A. | 2 | 1 | 14 | 1 | 10 | 4 | 10 | 3 | 11 | 2 | 47 | 11 |
| B.Sc. | 8 | 3 | 2 | 3 | 1 | 2 | 2 | 2 | 5 | 0 | 18 | 10 |
| Medies | 12 | 9 | 7 | 5 | 8 | 6 | 4 | 4 | 1 | 0 | 32 | 24 |
| Totaal | 22 | 13 | 23 | 9 | 19 | 12 | 16 | 9 | 17 | 2 | 97 | 45 |

1. Vryetydsbesteding op die universiteit - alle soorte deelname - en daarteenoor die akademiese prestasies van die studente:

In die bostaande tabel word alle soorte deelnames (wel die aantal deelnames) wat dien as vryetydsbesteding op die universiteit teenoor die akademiese prestasies gestel.

Die nulhipotese (Ho) in die bogenoemde geval is dat eerstejaarstudente se deelname aan sport, kulturele en ander bedrywighede, gereël deur verenigings, persone en/of liggame verbonde aan die universiteit nie verskille in die studente se akademiese prestasies aantoon nie.

(i) Geen deelname teenoor deelname vergelyk met die eerstejaarsprestasies.

35 Eerstejaarstudente van wie 22 slaag, het aan geen aktiwiteite deelgeneem nie. 107 Eerstejaarstudente het aan een en/of meer aktiwiteite deelgeneem en 75 was suksesvol.

Die verkreë Chi-kwadraatwaarde, gebaseer op die bogenoemde gegewens, is 0.63.

Ons kan dus nie die hipotese (Ho) verwerp nie, aangesien die verkreë waarde nie-beduidend is.

(ii) Geen en/of een deelname teenoor twee en/of meer deelnames vergelyk met die eerstejaarsprestasies.

67 Eerstejaarstudente van wie 45 slaag, het aan geen en/of een aktiwiteit deelgeneem, terwyl 75 van wie 52 slaag, aan twee en/of meer aktiwiteite deelgeneem het.

Die verkreë Chi-kwadraatwaarde van 0.08 is nie-beduidend.

Ons kan dus nie die hipotese (Ho) verwerp nie.

A. 2. Vryetydsbesteding buite die universiteit - alle soorte deelnames - en daarteenoor die akademiese prestasies van die studente.

Die universiteit bied 'n groot verskeidenheid ontspanningsfasiliteite aan sy studente, dog, ten spyte hiervan, neem baie studente deel aan aktiwiteite gereël deur liggame en/of organisasies wat buite universiteitsverband val. Die redes hiervoor is legio. Op sportgebied, byvoorbeeld, ressorteer alle spanne nie onder die A-liga nie en die studente wat tydens hulle skooljare uitgeblink het, gaan sluit gewoonlik by dié spanne aan waar hulle kanse om die boonste sport te bereik, die beste skyn te wees. Deelname aan musiek, toneel, drama, ensovoorts bied nie altyd aan 'n student die beste geleenthede indien hy/sy slegs binne universiteitskringe beweeg nie. As gevolg van velerlei faktore, dwing die universiteit dus sommige studente om aan aktiwiteite buite die universiteit te gaan deelneem.

'n Groot aantal studente is ou inwoners van die stad en gevolglik is baie van hulle alreeds op die een of ander manier ingeskakel by 'n aktiwiteit(e). Die dagstudente beskik nie oor dieselfde geriewe as die kosgangers nie en gevolglik lei dit ook tot deelname aan ander aktiwiteite. Dit is dus vanselfsprekend dat ons 'n onderskeid moet maak tussen die dagstudente en die koshuisstudente.

(a) Deelname van die dagstudente:

In die onderstaande tabel word alle soorte deelnames, wat dien as vryetydsbesteding op die universiteit, gereël deur instansies buite universiteitsverband, teenoor die akademiese prestasies gestel.

## TABEL 6.2

Die vryetydsbesteding van dagstudente buite universiteitsverband - alle soorte deelnames - en daarteenoor die akademiese prestasies van die studente.

| Kursus-groep. | Geen deelnames | | Een deelname | | Twee deelnames | | Drie deelnames | | Vier of meer deelnames | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip |
| B.A. | 8 | 2 | 4 | 0 | 6 | 1 | 3 | 0 | 0 | 0 | 21 | 3 |
| B.Sc. | 5 | 6 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 7 |
| Medies | 10 | 12 | 4 | 1 | 1 | 0 | 0 | 1 | 0 | 0 | 15 | 14 |
| Totaal | 23 | 20 | 9 | 2 | 7 | 1 | 3 | 1 | 0 | 0 | 42 | 24 |

Die nulhipotese (Ho) ten opsigte van die bogenoemde gegewens is dat die deelname van die eerstejaar dagstudente aan sport, kulturele en ander bedrywighede, gereël deur verenigings, persone en/of liggame, nie verbonde aan die universiteit nie, nie verskille in die eerstejaar dagstudente se akademiese prestasies aantoon nie.

43 Eerstejaar dagstudente was nie-deelnemers en 23 het geslaag, terwyl 23 eerstejaar dagstudente aan een en/of meer aktiwiteite deelgeneem het en van hulle het 19 geslaag.

'n Waarde van 5.59 is verkry volgens die Chi-kwadraattegniek. Die verkreë waarde is dus beduidend.

Ons kan die hipotese (Ho) verwerp en sê dat daar 'n beduidende verskil tussen die groepe onderling bestaan. 1)

Daar bestaan dus 'n beduidende verskil tussen die genoemde akademiese prestasies en die genoemde bedrywighede (aktiwiteite). Die eerstejaar dagstudente wat aan die bogenoemde bedrywighede (aktiwiteite) deelneem, slaag meer as die eerstejaar dagstudente wat nie daaraan deelneem nie.

---

1) Hieruit blyk dit dat die eerstejaar dagstudente (in hierdie steekproef) wat aan een of meer georganiseerde (buite universiteitsverband gereël) buite-universitêre bedrywighede deelgeneem het, akademies beduidend beter gepresteer het as die eerstejaar dagstudente wat nie aan sodanige bedrywighede deelgeneem het nie.

(b) <u>Die deelname van die koshuisstudente.</u>

In die onderstaande tabel word die deelname van die koshuisstudente, aan aktiwiteite gereël deur instansies buite universiteitsverband, aangetoon. Slegs 'n klein aantal koshuisstudente neem aan aktiwiteite buite die universiteit deel en om daardie rede word die groep nie nog verder in afsonderlike kursusgroepe ingedeel nie. Slegs die totale groep koshuisstudente, afgesien van bepaalde akademiese kursusgroepe, word hierby betrek.

Aangesien die selfrekwensies só klein is, het ons nie die Chi-kwadraattoets op die gegewens toegepas nie.

TABEL 6.3

Die vryetydsbesteding van die koshuisstudente buite universiteitsverband - alle soorte deelnames - en daarteenoor die akademiese prestasies van die studente.

| Kursus-groep. | Geen deelnames | | Een deelname | | Twee deelnames | | Drie deelnames | | Vier of meer deelnames | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip | Slaag | Druip |
| B.A., B.Sc. en Medies | 46 | 19 | 5 | 1 | 3 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | 55 | 21 |
| Totaal | 46 | 19 | 5 | 1 | 3 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 | 55 | 21 |

<u>Die totale deelname van die 1954 steekproefgroep eerstejaarstudente tydens hulle eerstejaar op die universiteit (alle soorte aktiwiteite ingesluit) vergelyk met hulle akademiese prestasies.</u>

TABEL 6.4

Die totale aantal deelnames, aan alle soorte aktiwiteite, van die eerstejaarstudente vergelyk met hulle akademiese prestasies.

| Geen deelnames | Een en/of twee deelnames | Drie en/of meer deelnames | Totaal |
|---|---|---|---|
| Slaag 14<br>Druip 8 | Slaag 42<br>Druip 24 | Slaag 41<br>Druip 13 | Slaag 97<br>Druip 45 |

Die hipotese (Ho) ten opsigte van die bostaande tabel is: daar bestaan geen verskil in die akademiese prestasies tussen die eerstejaarstudente wat deelneem aan die een of ander vorm van deelname en die wat nie deelneem nie.

Ten opsigte van die bogenoemde gegewens is 'n Chi-kwadraatwaarde van 2.32 verkry.

Die verkreë waarde is nie-beduidend en gevolglik kan ons nie die hipotese (Ho) verwerp nie.

<u>Vryetydsbesteding in die een of ander vorm (die aantal deelnames word aangetoon) vergelyk met die akademiese prestasies van die studente.</u>

TABEL 6.5

| Geen en/of een vorm van vryetydsbesteding | Twee en/of meer vorms van vryetydsbesteding | Totaal |
|---|---|---|
| Slaag 24<br>Druip 12 | Slaag 73<br>Druip 33 | Slaag 97<br>Druip 45 |

Opmerking:

Slegs vier eerstejaarstudente het aan geen vorm van vryetydsbesteding deelgeneem nie. Hierdie vier eerstejaarstudente is by die groep wat een deelname beoefen het gevoeg, omdat die selfrekwensies vir die Chi-kwadraattoets uit ten minste 5 gevalle moet bestaan.

As nulhipotese (Ho) stel ons dat daar geen verskil bestaan in die akademiese prestasies tussen die eerstejaarstudente wat deelneem aan die een of ander vorm van vryetydsbesteding en die wat nie deelneem nie.

Die verkreë Chi-kwadraatwaarde van 0.06 is nie-beduidend.

Ons kan dus nie die hipotese (Ho) verwerp nie.

B. Die eerstejaarstudente se kennis van universiteitsaangeleenthede veral i.v.m. voorligting, kennis van studierigting en studiemetodes.

Die ondersoek het heel vroeg aan die lig gebring dat die oorgrote meerderheid van die eerstejaarstudente oor min of geen kennis beskik aangaande universiteitsaangeleenthede nie. Sommige studente kan selfs nie eens die amptelike Jaarboek as 'n handleiding gebruik nie. Studievelde, vakgebiedens, ens., is vir die meeste eerstejaarstudente 'n nagmerrie en boonop is daar vele wat ook nie eers oor die beroepsmoontlikhede van kursusse kennis dra nie.

In dié deel van die breëre projek wat veral handel oor die sielkundige en opvoedkundige aspekte insake die vordering en aanpassing van die eerstejaarstudente, sal veral aandag aan hierdie probleem geskenk word.

Die inhoud en omvang van vakke en/of kursusse is meestal 'n uiters stremmende faktor. Die studente besef nie altyd wat ingesluit en verstaan word onder sekere vakname nie.

'n Verdere probleem is die feit dat 'n student nie sondermeer van een kursus en/of vak na 'n ander kan oorskakel nie. Die tydsfaktor is veral hier belangrik. Teen die tyd dat 'n student besef dat hy/sy nie van 'n bepaalde vak en/of kursus hou nie, óf die eerste toets aflê, is dit gewoonlik te laat om nou na 'n ander vak en/of kursus oor te skakel.

Die registrasie van studente is deesdae so vinnig en in die openbaar dat die studente nie instaat gestel word om vertroulik met dosente te gesels nie en menige student kon betyds in 'n regte rigting gestuur gewees het.

Die eerstejaarstudente aan die universiteit kry wel 'n geleentheid om te luister na algemene praatjies met betrekking tot studie-gewoontes en studie-metodes veral. Hierdie lesings word ongelukkig té vroeg in die akademiese jaar voorgedra en veral ook aan té groot groepe studente.

Groot klasse bevorder anomimiteit en persoonlike aandag kan menige student se loopbaan definitief beïnvloed. Die persoonlike element op die gebied van die humane kan nooit oorskat word nie. Juis omdat die groot universiteit van vandag nie instaat is om sy funksies op alle gebiede behoorlik te vervul nie, is dit 'n absolute vereiste dat hy dan sulke veranderinge ondergaan, indien nodig, om aan dringende behoeftes te voorsien. Verderaan in hierdie ondersoek sal 'n poging aangewend word om aan te toon hoedat ons in hierdie behoeftes kan of behoort te voorsien.

C. Ontgroening.

Hierdie onderwerp leen homself uit tot 'n volledige en wetenskaplike ondersoek aangesien menigeen deesdae sondermeer uitlatings oor hierdie onderwerp maak sonder om homself te kan beroep op enige gesaghebbende.

Netsoveel as wat vir ontgroening gesê kan word, kan daarteen gesê word. Op hierdie manier sal 'n mens in 'n ewige tweestryd beland waarna jy nog nie 'n gegronde gevolgtrekking sal kan maak nie. Ons sal slegs poog om die huidige toestand te skets.

Die amptelike Jaarboek vermeld uitdruklik: "Ontgroening word nie aan die Universiteit toegelaat nie." Die ervaring het egter die volgende aan die lig gebring:-

Van owerheidsweë word ontgroening afgekeur deur sommige ampsdraers, terwyl andere prontuit ten gunste van dié aktiwiteit is. Die studente self, so wil dit voorkom, verkies om ontgroen te word want aldus, so sê die meerderheid, leer die eerstejaarstudent die seniorstudente ken en word hy ingelyf of ingeburger as 'n volwaardige lid van sy groep.

Aan die betrokke inrigting kon die ondersoeker geen lêer vind waarin stukke oor en i.v.m. ontgroening

bewaar word nie. 'n Administratiewe beampte het hom egter die versekering gegee dat dit nie wenslik is om geskrifte en/of dokumente oor ontgroening te bewaar nie. Die hele aangeleentheid is dus so ietwat duister.

Die studente self reël egter die aard en omvang van ontgroening aan die inrigting. Ontgroening berus hoofsaaklik op beperkinge wat studente opgelê word deur die studentegemeenskap veral. Elke afsonderlike "Huis", d.w.s. Dagstudente en elke afsonderlike tehuis, reël elk sy eie program. Die sogenaamde Ontgroening dra die goedkeuring weg van die Studente-massa en die Studenteraad en onderskeie Huiskomitees moet 'n ogie oor die bedrywighede hou. In skrif bestaan daar egter nie vaste programme waarvolgens elke komitee te werk hoef te gaan nie. In hoofsaak kry die Komitees opdrag om na eie dunke programme op te stel en uit te voer, dog só op te tree dat daar nie klagtes deur eerstejaarstudente tot ander instansies gerig word nie.

Die ontgroeningstydperk duur normaalweg twee weke en alleenlik vasgestelde tye en periodes mag gebruik word vir ontgroeningsdoeleindes.

Die program maak voorsiening vir 'n bietjie liggaamsoefening vroeg in die oggend, 'n middagprogram en 'n kort aandprogram. Verfraaiing van terreine deur die eerstejaarstudente, as 'n ontgroeningstaak, word deesdae vry algemeen toegepas.

Dit spreek dus duidelik dat ontgroening daarop gemik is om die eerstejaarstudente in die eerste plek te verwelkom en tuis te laat voel aan die universiteit. Basies dra die beginsel van ontgroening die ondersoeker se goedkeuring weg, dog dan moet die werksprogram behartig word deur bekwame persone wat ryp genoeg is vir so'n inlywings- of inburgeringsproses.

'n Ontgroeningsprogram moet daarop gemik wees om die eerstejaarstudent te laat voel dat hy nog nie 'n volwaardige lid van die groep is nie. Dit behoort dus uitsluitlik op psigiese elemente te berus. Fisiese aanraking behoort nie 'n plek te hê in so 'n inlywingsprogram nie - dan ontaard ontgroening in iets negatiefs.

Die afsondering van die eerstejaarstudente kan nie die gewenste resultate oplewer nie. Kennis is mag - en die student(e) behoort instaat gestel te word om soveel moontlike kennis op te doen tydens sy/haar akademiese loopbaan en om daardie rede behoort die eerstejaarstudente die seniorstudente goed te leer ken sodat hy/sy suksesvol kan inskakel by die gemeenskap as 'n geheel.

Alvorens 'n mens 'n uitspraak lewer oor ontgroening, behoort 'n mens die hele aangeleentheid wetenskaplik te ondersoek, analiseer en verklaar. Dink maar aan die inlywingseremonies van die ou Volkere. Histories gesien, dateer hierdie gebruik eeue vér terug. Om sondermeer te sê: "Skaf ontgroening af", getuig inderdaad van nie-wetenskaplike aanleg.

Ontgroening, soos toegepas en uitgevoer aan die inrigting onder bespreking, kan alleenlik in uitsonderlike gevalle afgekeur word.

------oOo------